

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-4: 1, 2, 3 (33:1, 2, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:1, 15 (p. 330).

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 15 O Koninkryke, sing Gods lof! / Laat psalme oprys uit die stof – /dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, bekleed met eer en mag, / hoog deur die hemel van sy krag / wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug, / verkondig in die hoë lug / sy mag voor al die volke.
Gee sterkte aan God – sy hoogheid is / oor Israel, sy erfenis; / sy mag is in die wolke.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 48:4 (p. 245)

Wet

Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 84:1, 4 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan: geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, Heer der leërskaare, let op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie. Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Skriflesing: Lukas 24

Teks: Lukas 24:15, 16

En terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam. Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie. (Lukas 24:15-16 AFR1953)

Kyk goed na hierdie beskrywing.

- Dit is heeltemal alledaags en aards.
- Daar is niks bonatuurliks in die hele gebeurtenis nie – totdat hulle eers die Here herken het en Hy uit hulle gesigsveld verdwyn het.
- Lukas het met hierdie beskrywing vertel hoe die Here in die gewone lewe aan mense verskyn het sonder dat hulle hom herken het.
- Daarom kan ons sekerlik met reg sê die hoofgedagte van hierdie gedeelte is: Onbewustelik met God op pad.

Die Here se verskyning word nie deur tyd of afstand beperk nie. Dink aan voorbeelde uit die Ou Testament:

- Ons weet dat Hy voor die geboorte van Christus reeds aan Abraham verskyn het, byvoorbeeld toe die Here by hom geëet het en hom vertel het dat Hy Sodom en Gomorra gaan verwoes.
- Dink ook aan die keer toe daar iemand saam met Daniël se vriende in die vuuroond was.
- Dit is dus vir die Here moontlik om in ons bedeling ook te verskyn aan mense.

Die troos daarvan is dat die Here altyd baie naby aan ons lewe. Sy genade is altyd naby aan ons. Maar daar is 'n gevaar ook.

- Daar is godsdienste wat kort-kort aanspraak maak op openbaringe en gesigte wat hulle dan van die Here af sou hê.
 - Nie een van hierdie sogenaamde gesigte wat so opspraakwekkend was in die verlede het nog ooit op iets uitgeloop nie.
 - Dink byvoorbeeld aan al die openbaringe wat daar al was oor wanneer die aarde sou vergaan!
- Sulke mense misbruik die feit dat die Here wel aan mense verskyn om allerhande dwaalleer te verkondig.
- Sulke dinge sal ongetwyfeld vir sulke mense verswarend wees in die eindoordeel.

As ons vir 'n oomblik dink aan die Here Jesus se woorde in die Nuwe Testament dat Hy ons in die oordeel sal verwyt dat Hy dors was en dat ons Hom niks gegee het om te drink nie, en honger was en ons Hom nie iets gegee het om te eet nie, dan wonder mens by jouself hoeveel keer iets soos die Emmausgebeurtenis nie in elkeen van ons se lewens gebeur nie.

Die saak appelleer nogal baie sterk op 'n mens as ons gaan kyk hoe Markus die saak beskryf:

En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld. (Markus 16:12 AFR1953)

Twee loop in die veld, en meteens loop die Here saam. So maklik en eenvoudig gebeur dinge.

Dit is baie interessant om te sien hoe die Here die beginsel van sy teenwoordigheid stel.

- Die twee manne het op die eerste dag van die week ná die Paasfees na Emmaus toe geloop. Hulle was dus op pad terug na hulle huis toe.
- Die twee wat daar loop, is twee van die mense wat die Here altyd gevolg het, want die Bybel sê dat dit **twee van hulle** was. Dit wys terug na vers 9 waar daar staan dat hulle dit vir die elf en al die ander vertel het.

Dit gaan nie daaroor dat Emmaus iets met die saak te doene het nie, want niemand weet waar Emmaus was nie. Daar is twee moontlike plekke: die een plek is so ongeveer ses kilometer van Jerusalem af en die ander een is ongeveer 33 kilometer van Jerusalem af.

- Die twee het met groot onbegrip geloop en praat oor alles wat die naweek gebeur het, toe dit beskik word dat daar meteens iemand by hulle aansluit.
- Kyk hoe die feite van die omstandighede meteens by die twee stappers verbygaan.
 - Niemand weet waarvandaan hierdie derde Persoon gekom het nie, of waarheen Hy op pad is nie.
 - Die ander twee vra ook nie.

Die Here gee self dadelik die rede waarom hierdie twee Hom nie kon herken nie:

- Die Here het hulle oë weerhou sodat hulle Hom nie kon sien nie.
- Die Here self het die twee manne onbekwaam gemaak om Hom te herken.
- Hy wou nie hê dat hulle moet besef dat Hy hulle metgesel is soos hulle aanloop huis toe nie, want Hy wou eers iets wat in hulle geloofslewe gebuig was reguit maak.

Dit wys net dat die Here so spontaan in ons lewens plek inneem dat ons dit nie eers agterkom nie, want Hy begin heeltemal spontaan aan die gesprek deelneem: **Waaroor loop julle so en praat met mekaar en waarom is julle hartseer?** vra Hy hulle.

- Kleopas vra toe vir die Vreemdeling of Hy alleen dan 'n vreemdeling in Jerusalem is. Letterlik staan daar: Is jy die enigste een wat sonder burgerreg in Jerusalem woon?
- Hierdie twee manne het dus werklik gedink dat die Here die een of ander vreemdeling of buitelanders was wat ná die Pasga eers in Jerusalem aangekom het.
- So kan mens met die Here te doene kry sonder dat jy die vaagste benul het dat dit Hy is wat by jou is.

Die Here toets toe die twee manne.

- Hy lok hulle uit om hulle geloof ten toon te stel. Hulle doen dit ook.
- Hulle belydenis van wie Jesus is, is baie suiwer, maar die neerslag daarvan in hulle lewens is maar baie troebel.
- Hulle bely dat Jesus 'n profeet was en dat sy prediking en sy werk kragtig was voor God en die hele volk (Let op dat hulle weet dat sy werk kragtig voor God was!).

Tot hier was hulle belydenis baie reg, maar toe hulle by die toepassing kom, is daar leemtes, want hulle het hulle belydenis in 'n verkeerde menslike skema probeer inpas.

- In hulle geval het hulle die verlossingswerk van Jesus probeer inforseer in die politiek van

hulle dag: Hulle het gehoop dat Jesus Israel sou verlos.

- Natuurlik bedoel hulle dat Jesus hulle sou verlos van die Romeinse oorheersing.

Dit is nogal ironies dat hulle vir Jesus vra of Hy dan geen burgerskap het nie, en nou word dit meteens duidelik dat hulle nie burgerskap in die verlossing van Jesus het nie, omdat hulle klemme nog verkeerd lê.

- Hulle eerste verkeerde klem kry ons al in die oorsaak van die kruisiging.
 - Die twee beweer dat die owerpriesters en die owerstes Jesus met die kruisdood doodgemaak het.
 - Die Joodse volk en die Romeine is dus onskuldig.
 - Dit is net ander mense wat dit veroorsaak het, en ons is onskuldig.
- Dis geen wonder dat Paulus later vir al die Christene wat soos hulle gedink het, skryf dat ons net moet onthou dat die skuldbrief van ons almal se sondes as oorsaak van die kruisiging aan die kruis vasgespyker was nie.
- So kan die Here mens uitvang as jy oneerlik is.
 - Ons het hier presies dieselfde beginsel as wat ons het in die Paradys toe Adam gesê het dat hy nie die oorsaak van al die moeilikheid is nie; dit is Eva wat alles aangevang het.
 - Eva het op haar beurt presies dieselfde gedoen.
 - Die feit dat hierdie twee manne en die res van die volk niks gedoen het om die kruisiging te probeer keer nie, word net verswyg.
 - Wat uit hulle belydenis na ons toe oorkom, is dat ander die Here gekruisig het.

Dit word ook nog duidelik dat hulle teleurgesteld is omdat Hy nog nie uit die dood uit iets gedoen het om hulle van die Romeine te verlos nie.

- Dit is nou al die derde dag, sê hulle, vandat alles gebeur het.
- In hierdie woorde lê daar die verwagting dat Jesus iets moes doen as Hy so 'n groot profeet was dat Hy tot God tevrede gestel het met sy preke en werke – maar daar is nog niks.

Iets van die ou Joodse bygeloof kom ook uit in hulle woorde.

- Die Jode het geglo dat 'n mens se liggaam binne drie dae na jou dood kon lewendig word omdat jou siel vir drie dae oor die aarde rondswerf, en dan eers weggaan.
 - Ons kry dieselfde gedagte terug by Marta wat vir die Here sê dat dit nou al die vierde dag is vandat Lasarus dood is.
 - Sy het daarmee bedoel dat sy siel nie meer in die buurt is sodat die Here dit kan terugroep nie.
- Martha, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood. (Johannes 11:39 AFR1953)**
- Die drie dae is nou verby van die kruisiging af, en daarom is die twee manne hartseer: Alle hoop is nou daarmee heen.

Op hierdie punt het die twee manne se belydenis heeltemal geknak, want hulle vertel nog drie feite, maar hulle glo dit nie. Daar het inderdaad baie dinge gebeur wat hulle hoop moes versterk, maar dan moes hulle hoop op die regte plek wees om dit te kon verstaan:

- Die vrouens was vroeg die môre by die graf, maar hulle kon die Here se liggaam nie kry nie.
- Die vrouens het engele gesien wat vir hulle gesê het dat Jesus lewe.
- Sommige van die wat saam met hulle was (Petrus en Johannes) het teruggegaan graf toe en die dinge gekry presies soos die vroue gesê het.

Hulle vertelling maak dit duidelik dat hulle gedink het dat Jesus dalk die Verlosser kon wees.

- Al wat die twee manne van al hierdie dinge kon uitmaak, was dat dit hulle baie omgekrap het.
- Maar dit het nie die besef by hulle tuisgebring dat die werklike verlossing daarmee aangebreek het nie.
- Hulle moes by die Romeine verbygekyk het na die koninkryk van God toe, dan sou al die dinge in die regte perspektief gewees het.

Dit is presies die rede waarom die Here op die dag van sy opstanding letterlik in hulle lewens ingestap het.

- Hy het hulle gekatkiseer en hulle verwagtings in die regte rigting gestuur.
- Nadat die manne die kern van hulle probleem gestel het, sê Jesus dat hulle harte traag is om die profete se voorspellings te glo.
- Die woord **hart** word met 'n spesifieke rede gebruik: Uit die hart is die uitgange van die lewe – so leer die Bybel.
- Hierdie mense se lewensvertrekpunte en die inhoud van hulle geloof was verkeerd.

Dit is die punt waaraan ons ook moet aandag gee. Ons kan al die feite hê, maar ons kan al die feite in 'n verkeerde konteks plaas. Dan is ons hele lewe verward en ons geloof nutteloos, want dit kan ons nie dra waar dit moet nie.

Wat doen die Here Jesus toe?

- Hy begin om van voor af die Bybel vir hulle uit te lê sodat hulle geloofsfeite en hulle belydenis heeltemal in die regte perspektief kom.
 - Dit gaan nie oor die Romeinse Ryk nie.
 - Dit gaan ook nie oor 'n aardse verlossing nie.
 - Dit gaan oor die ewige heerlikheid van die Messias.
- Die Messias moes ly voordat Hy in die ewige heerlikheid ingaan.
- Vanselfsprekend verklaar Hy toe aan hulle dat dit vir ons die pad oopmaak om Hom daarin te volg. Daar lê die ware verlossing.

Kyk net hoe gee die Here Jesus ook na sy opstanding aan die gelowiges aandag. Op hulle lewenspad stap Hy saam. Ongemerkt is Hy daar en korrigeer Hy hulle geloof.

Dit is die wonderlike van hierdie stukkie geskiedenis. Ons is saam met die Here self op pad.

- Selfs in ons foute en in ons ongeloof bewerk Hyself bekering en verandering.
- Hy gee self die regte insig waar dit by ons kortkom.

Natuurlik moet ons nou nie 'n letterlike verskyning van die Here in ons lewens verwag nie.

- Dit is so dat Hy sekerlik fisies iemand na ons toe kan stuur omdat Hy nou in hierdie tydperk na sy hemelvaart liggaamlik in die hemel is.
- So 'n voorbeeld is Filippus wat deur die Here gestuur word om by die hofdienaar van Kandacé, die koningin van die Ethiopiërs, op die wa te klim en die Bybel aan hom te verduidelik.
- In beginsel het presies dieselfde gebeur as wat met die Emmausgangers gebeur het.

Hoe moet ons hierdie Bybelgedeelte toepas in ons lewens?

- Ons lewe almal met die besef dat die Here opgestaan het uit die dood en dat Hy sy verlossing daagliks oor die mense waar maak.
- Hy is in sy alomteenwoordigheid in elk geval op elke plek en by almal.

- Ons moet so lewe dat ons lewe die grootheid van die Here bely en dat ons die krag van sy beskerming verstaan.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:5 (p. 576)

- 5 Toe al die heid'ne my omring het, / hul laers om my opgeslaan,
 en hul op my al aan kom dring het, / het ek hul in Gods Naam weerstaan.
 Ja, toe die volke my omring het, / met leërs teen my opgestaan,
 toe hul ter dood toe my bespring het, / het ek hul in Gods Naam verslaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 April 2010